# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 Februarie 1997 Vol. 25

## NIE MEER BEKOMMERD?

Dit is nou al 'n jaar of drie dat daar binne die GKSA die sogenaamde "bekommerde Gereformeerdes" is. Die bekommernis onder sekere gereformeerdes het sy ontstaan gehad hoofsaaklik as gevolg van vrysinnige denkstrome wat veral by die 1994 Nasionale sinode begin deurbreek het. Hierteen wou hulle wal gooi. Hierdie liberalisme het tot gevolg gehad dat vrae begin vra is oor Skrifgesag, die vrou in die leer-amp, nagmaalsviering, binding aan onderlinge afsprake met mekaar, ensovoorts. Daar het 'n gevoel ontstaan dat daar opgetree moet word sodat die GKSA weer as geheel eenstemmig kan wees oor Skrif, belydenis en kerkorde. Ten spyte daarvan dat "bekommerd" 'n ongelukkige woordkeuse was, kan daar merendeels heelhartig saamgestem word met dit wat die "bekommerdes" weer op die besprekingstafel gebring het.

Daar was diegene wat bekommerd was oor die "bekommerdes". Daar is selfs die beskuldiging gehoor dat daar kerkskeuring aan die kom is. Die hoop kan uitgespreek word dat die sake verbeter het en dat mekaar se bona fides aanvaar word en dat die bekommerdes oortuigend optree dat hulle op soek is na 'n eerlike gesprek rondom die eenheid in die belydenis en dat daar werklik gesmag word na deurtastende deurlopende reformasie binne die GKSA.

### Landskap verskil

Die sosiale, politieke landskap van 1994 en 1997 verskil dramaties. Hierdie omwentelinge het ook 'n invloed op die kerke gehad. Dit is dalk te vroeg om te sê, maar dit wil voorkom of daar al hoe sterker 'n gesonde behoudendheid na vore kom. Dit kan afgelei word van die Skriftuurlikheid van sinode-uitsprake met betrekking tot sake soos die vrou in die amp en die sogenaamde "apartheid-skulderkenning" wat ten regte afgewys is. Die indruk wil gewek word asof die sterk (Kaapse) stroom liberalisme vir eers gestuit is.

Die vraag ontstaan of die tyd aangebreek het om op te hou bekommerd wees. Die GKSA is sover van die min kerke wat byvoorbeeld die Skrifgesag handhaaf as dit by sake soos die vrou in die leer-amp kom. Daar is baie dinge om voor dankbaar te wees ná die afgelope sinode. Wat gaan van die bekommerdes word?

### Nie net teen

Ten eerste moet gewaak word dat die bekommerdes nie vasval in 'n "anti-" gesindheid nie. Dit is so dat 'n gelowige antiteties teenoor baie sake moet staan, maar bekommernis is nie die somtotaal van gereformeerd wees nie. Die bekommerdes, en ook hulle gereelde vrugbare byeenkomste, kan gekanaliseer word, om nie net waarskuwende klanke te laat hoor oor wat kwel nie, maar kan omgeskakel word in getuienis oor sake van belang. Hier moet die skopus beslis verbreed word aangesien daar baie sake is wat dringend positiewe gereformeerde denke vereis. As daar nou 'n sug van verligting kom, sonder dat daar daadwerklik opgetree word om rigtinggewend belydenis te doen oor al die lewensterreine, gaan die "bekommerde beweging" doodloop. Dit sal jammer wees, omdat daar groot potensiaal daarin geleë is as die klem op gereformeerde getuienis in 'n verwarde wêreld gelê word.

#### *In hierdie uitgawe:*


* NIE MEER BEKOMMERD?
  A.L.A. Buys . . . . . . . . . . . 1
* Skrifoordenking:
  Ontvang hom nie en groet hom nie
  Ds. C.B. Swanepoel . . . . . . . 3
* GRONDE VIR EGSKEIDING BY CALVYN
  J.R. Watt . . . . . . . . . . . . 5
* PROPAGANDA AS DUIWELSE STRATEGIE
  Ds. H.W. van der Walt . . . . . 7
* DIE SELGEMEENTE: KERKVORM VAN DIE 21e EEU?
  Prof. L. Floor . . . . . . . . . 10

## Remskoen

Tweedens is daar nogtans dinge wat krap oor die sinode. Indien mense dink dat die sinode konserwatiewe besluite geneem het, sou dit 'n gevaarlike siening wees. Konserwatisme is nie 'n ander naam vir gereformeerd nie. Gereformeerd wees beteken beslis om uit die verlede die goeie te behou, maar dit beteken hoegenaamd nie dat die waarheid volledig in die verlede te vind is nie. Hier sal ons moet katvoet loop dat die politieke vrese en vooroordele nie 'n verleiding word dat van die gereformeerde belydenis afgewyk word nie. Konserwatisme is 'n remskoen vir diepgaande gereformeerde denke, waaraan die samelewing juis so 'n nood het.

## Drukgroepe

Derdens, en dit is dalk die mees ontstellende, is dat die eenheid en vrede op die oppervlak ten alle koste bewaar wou word; soveel so dat dit die indruk kan wek dat ons verskillende groepe in die kerk duld. Hierdie oorversigtigheid kan skadelik wees. (Was die sinode regtig nie gereed om 'n uitspraak oor die vrou in leer-amp te maak nie, watter inligting moet dan nou nog bykom?). Hierdie valse verdraagsaamheid moet hand en tand beveg word. Drukgroepe wat van sinode tot sinode organiseer om sekere standpunte deur te voer, is in stryd met ons verklaarde belydenis oor die eenheid van God se kerk.

Alhoewel die invloed van geheime/vertroulike organisasies (soos die Afrikanerbond) duidelik besig is om te taan, het dit tyd geword dat daar openlik gesê word: genoeg! Genoeg van ruggespraak voor die tyd. Laat ons die toutrekkery los. Wanneer ons nie openlik hieroor wil praat nie, maar op die ou paaie wil voortgaan deur subtiele beïnvloeding te duld, maak ons die belydenis, en die binding daaraan, kragteloos.

Laat die belydenis werklik soveel speling toe dat daar in een kerkverband soveel uiteenlopende sienings geduld kan word dat selfs van groepe gepraat kan word? God verwag van ons om een van sin en een van Gees te wees. Dit beteken ons moet openlik en reguit praat.

Mens kan dus in die GKSA, naas die "bekommerdes", ook 'n paar ander rigtings begin onderskei. Al die groepe ding mee om die noemer "gereformeerd" juis op hulle van toepassing te maak.

* Daar is die egte gereformeerdes wat in alles gebind wil wees aan Skrif, belydenis en kerkorde, en wat die ekumeniese eenheidsbelewing hoog ag. Hulle wil die onderlinge afsprake ook handhaaf, veral met betrekking tot liturgiese sake.

* Daar is egter ook die Christelik-nasionales wat dink dat daardie rigting die suiwerste uitlewing van Calvinisme is. Tog belemmer sekere ideologiese nasionalistiese sienings juis die eenheidsbelewing in die belydenis. Die GKSA bely geensins 'n volkskerk-gedagte nie; dit moet 'n saak van erns wees, omdat dit 'n saak van belydenis is: ons glo aan 'n heilige, algemene christelike kerk. Dan moet dit ook duidelik blyk uit wat ons doen.

* Dan kry ons die Christelik-humaniste, of die reformatoriese rigting. Hulle heg ten regte groot waarde aan die opdrag tot liefde vir die naaste, maar is ongelukkig so deur die menseregte-kultuur beïnvloed en geïntimideer dat die liefde wat voorgestaan word, meer 'n Marxistiese kleur het as die evangeliese inhoud van wat liefde moet wees.

* Mens kry dan ook die slapendes wat maar min gepla is oor wat in die kerk en kerkverband aangaan, solank die eie bootjie maar nie te veel geskommel word nie. Dit is nie alleen onverantwoordelik nie maar ook liefdeloos om nie intens belang te stel in wat in ander gereformeerde kerke aan die gebeur is nie.

* Laastens kry mens die feministiese individualiste wat nie gebind wil wees aan onderlinge afsprake nie. Hulle misbruik die beginsel dat die plaaslike kerk nie in sy gewete gebind kan word nie, om allerlei onordelikhede toe te laat. Onder die vaandel dat die "plaaslike kerkraad" daaroor besluit het, steur sommige gemeentes hulle nie aan onderlinge afsprake nie. Hier kry mens liturgiese eksperimentering en wildgroei. Hierdeur word die onderlinge eenheidsbelewing afgebreek, en die beroep op die selfstandigheid van die "plaaslike kerk", is in hierdie gevalle skynheilig, omdat dit na niks anders ruik as independentisme nie.

## Nie ons afspraak

Laat ons dit duidelik stel: Ons het nie die afspraak met mekaar om "kelkies" te gebruik as ons so voel nie; ons het nie die afspraak om vroue-diakens te hê nie (daar is selfs gemeentes wat sulke vroue "diaken-helpers" noem en hulle in die erediens 'n tipe bevestigingsformulier laat aanhoor). Dit is doodeenvoudig nie ons afspraak nie. Om hierdie praktyke ongesien te laat deurgaan, werp 'n groot refleksie op die stand van visitasie, maar ook op die erns oor die belydenis van die eenheid van Christus se liggaam.

Wat moet ons met hierdie groepe binne een kerkverband doen? Die Nederlandse Hervormde kerk, wat ook sulke groepe ken en duld, het al jare die gewoonte om binne een kerkverband verskillende verenigings en bonde te hê wat in gesprek met mekaar is. Maar wat is die uiteinde? Daar word nie nader aan mekaar beweeg nie. Om groepe te duld wat in losse

verbande organiseer, is om 'n refleksie oor die eerlike gesprekvoering in kerklike vergaderings te werp, en nog erger - die vermaning en tug word verwater.

## Verbreek eenheid

Wat help dit om sinodes te hou as die plaaslike kerke hulle nie in alles daaraan verbind nie? Nie dat die sinodes groter gesag het nie, maar kerke het 'n ratifikasie-reg om te gebruik. Dit is verbreking van die eenheid om maar net kennis te neem van sinodebesluite, nie daarmee saam te stem nie, maar ook nie daaraan gebind te voel nie. Watter besluite is nou beginsels en watter is nou middelmatige sake? Nee, ons moet terugkeer na ons belydenis oor die eenheid van die Kerk van Christus - en die negende gebod weer, ook met ons kerkraadsvergaderings, in gedagte hou. Ons mag nie die afsprake stil-stil verbreek net omdat ons nou groepe in die kerk duld nie.

Dit moet duidelik gestel word dat groepe binne een kerkverband onaanvaarbaar is. Daar moet bekering oor hierdie saak kom, en ja, dit kan dalk konflik bring. Maar ons moet - met mekaar - oor ons verskille praat voordat ons die eenheid wat ons bely, kan beleef. Die Skrif is te heilig, die belydenis is te kosbaar, die kerkorde is te duidelik, dat ons verskille kan afmaak as klein, net omdat ons nie die waters wil roer nie. Of dat ons mekaar agteraf bespreek en selfs beskinder sonder om eerlik, aan die waarheid gebind, te praat. Al die groepe kan tog nie reg wees nie - God praat in die Skrif tog nie uit twee monde nie.

Ons liefde vir mekaar moet sterk genoeg wees dat ons hierdie groepe ontbind en die ware gereformeerde leer weer kan leef. Daar is vir ons maar een gemeenskaplike nagmaalstafel, want daar is maar een God. Dit vereis een kerk wat eenders dink en doen.

**A.L.A. Buys**

*****

SKRIFOORDENKING:

# Ontvang hom nie en groet hom nie.

**2 Joh 9-10:** *"Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis en groet hom nie."*

Dwaalleer is baie gevaarlik vir die kerk van die Here. As mens nie reg glo nie, sal jy ook nie reg lewe nie. Veral wanneer dwaalleer die waarheid rondom die Persoon van Jesus Christus begin aantas, word die kerk in die hart aangegryp en bedreig.

## Elkeen moet waak

Tog vind mens vandag gelowiges wat nie die bedreiging van dwaalleer ernstig opneem nie. Daar is mos baie predikante en professore aan die teologiese skool wat die dwaalleer kan uitwys en bestry. As ons egter die tweede brief van die apostel Johannes lees, tref dit mens dadelik dat die kort briefie, met sy groot openbaringsinhoud aan gewone lidmate, gelowiges sonder amp of titel, geskryf word. Die waarskuwing om in die waarheid te wandel en teen die dwaalleer te waak, word gerig aan elke gelowige. Die taak om te onderskei tussen die waarheid en die valsheid rus ook nie net op predikante, professore en begaafde ouderlinge nie. Nee, dit is 'n opdrag aan elke kind van die Here. In die geloofslewe is dit 'n belangrike saak, want die basiese onderskeid tussen die waarheid en die leuen is nie iets wat deur mense uitgedink is nie. God stel die waarheid bo die dwaalleer. Dit is die gedagte wat Johannes in sy tweede brief aan sy lesers wil stel.

## Die waarheid van God

Johannes maak dikwels in hierdie brief gebruik van die woord "waarheid". Hy begin deur sy lesers aan te spreek as hulle "wat ek in die waarheid liefhet". Dit dui op 'n noue band tussen hom en sy lesers. Hy het hulle lief soos wat God dit vereis. Die liefde wat hy teenoor hulle het, het hy by Christus self geleer. Sy liefde vir Christus bepaal ook sy liefde vir hierdie mense - dit gee inhoud daaraan. En omdat hy lief is vir hulle, is hy bekommerd en besorg, want hulle loop 'n risiko om hulle grootste gawe, die geloof in Christus en die ewige lewe, te verloor.

Daarom skryf hy die brief. Hy wil die gelowiges sterk maak teen die dwaalleer. God se eer is op die spel, en die eenheid van die gemeente loop gevaar om verbreek te word.

Teenoor hierdie bedreiging bied die apostel 'n onfeilbare wapen. Die WAARHEID. Die waarheid staan vir hom op twee bene, naamlik onderlinge liefde vir mekaar en geloof in Christus.

Die gemeente moet van binne sterk wees om die aanslae van buite te kan weerstaan. Om in die waarheid te wees, beteken om die wil van God te doen. Maar dit is nie al nie. Dit behels ook om in die leer van Christus te bly. Om waarlik te bely dat Jesus die Christus is wat in die vlees gekom het. Die mense wat hierdie

geloofsbelydenis doen, "het God". Geloof in Christus en liefde vir mekaar is tekens van 'n wedergebore mens. Dit is hoe die Christen hom van die wêreld onderskei.

## Terug na die basiese

Maar hoe kan 'n gemeente hierdie geloofseenheid laat realiseer? Wat het ons nodig om dit in die praktyk te laat werk? Om in die leer van Christus te bly, vereis volgens Johannes geen nuwe verpligting nie. Ons het nie allerhande nuwe dinge nodig om die kerk te bewaar en te laat bloei nie. Hierdie brief sê dat 'n gemeente wat homself wil bewaar, weer moet begin dink aan dié dinge wat maak dat hy 'n gemeente is. Terug na die basiese dinge. Ontgin weer die waarheid wat julle van die begin af gehad het. Besin oor sake soos onderlinge liefde in die gemeente en besorgdheid oor wat jou broeder of suster werklik glo. Moenie wag vir nuwe openbaringe wat die kerk "op datum" sal bring nie. Baie lidmate is nie meer so bekommerd oor die gereformeerde leer nie. Solank jy maar reg lewe, is alles reg. Om by 'n spesifieke belydenis te wil staan, skep te maklik ongemaklike situasies wat dalk aanstoot kan gee.

Ons moet egter in die regte leer glo en daaruit leef. Ons mag nooit sommer ons lewens inrig volgens 'n goedkoop, wêreldse etiek nie. Ons moet op ons hoede wees vir die valsheid van die dwaalleer, want as jy Jesus Christus op 'n valse manier bely, speel jy met jou ewige saligheid - dit is wat in gedrang kom. Daarom is dit gepas om te let op die valsheid van die dwaalleer.

## Valsheid

Jesus het in Markus 13:12 al gewaarsku dat daar valse profete sal kom. Hierdie profesie van Hom het al in die eerste christelike gemeentes waar geword. Die satan is 'n na-aper en vervalser. Hy kan nie inisiatief neem nie. Nadat Christus sy apostels in die wêreld ingestuur het om die waarheid te verkondig, aap satan Hom na en loods hy die valse profete om die leuen te bring. Die hart van elke dwaalleer draai gewoonlik rondom die leer van Christus. As iemand oor godsdienstige of teologiese sake gesels, en hy wek agterdog, vra hom om die leer aangaande Christus te verduidelik. Hier lê die basiese onderskeid tussen die waarheid en die leuen. Hoe glo jy in Christus? Die antwoord op die vraag bepaal jou geloof.

Johannes verwys na sulke oortreders. In die oorspronklike taal word gepraat van mense wat "verder gaan". Dit is diegene wat soek na 'n "hoër waarheid". Hulle bly nie by die basiese geloof in Christus nie. Hulle soek altyd verder en verder totdat hulle weg van Christus self gevorder het.

Johannes is nie hier gekant teen Christelike groei in die geloof nie. Hy waarsku hier teen allerlei byvoegings of toevoegings by die geloof. Oortollighede, wat die Persoon en werk van Christus in gedrang bring. Vandag is daar baie skakeringe van byvoegings by die Christelike geloof, byvoorbeeld: iemand moet eers in 'n taal kan spreek, of jy moet eers weer gedoop word, of jy moet eers 'n dag en datum van jou bekering kan wys, voordat jy werklik glo.

Daar is ook ander valse verklarings van die leer van Christus, wat vandag sy duisende verslaan, en die Kerk van die Here bedreig. Die neiging is om vandag nie die mensheid van Christus te ontken nie, maar om die Godheid van Christus opsy te skuif. Daar waar die winde van die rewolusie waai, word net in die mensheid van Christus geglo. Jesus Christus word verkondig as 'n Supermens, 'n politieke bevryder en 'n sosiale held.

Ander wil weer in God glo, sonder Christus. Hulle beweer dat God tog geëer word met die uitsluiting van Christus. So probeer baie mense om die Christelike geloof op dieselfde vlak te bring as die nie-christelike godsdienste. Hulle verkondig 'n wêreldse gelykheid en 'n leer van alternatiewe paaie na God toe. Die geloof in Jesus Christus word verskraal tot een van hierdie paaie. Hierdie dwaalleraars vergeet dat Jesus Christus die Weg en die Waarheid en die Lewe is. Hy alleen is die lig van die wêreld, die enigste hoop op versoening omdat Hy, as Verbondsmiddellaar, waarlik mens en ewig God is.

## Dialoog

In die praktyk loop hierdie dwaalleer alreeds in groot vergadersale van die wêreld. In die Wêreldraad van Kerke se publikasies het 'n term soos sending heeltemal verdwyn. Dit is vervang met die woord dialoog. Ons moet maar deur middel van dialoog met heidene oor hulle godsdiens gesels, sodat ons beter begrip vir mekaar as mense kan verkry. Die verleiers voel dat sending te meerderwaardig is omdat dit Christus as enigste weg na verlossing wil verkondig.

Ons mag nooit die christelike leer gaan afwater omdat ons bang is dat heidene daaraan aanstoot sal neem nie. Hoe is dan die regte verhouding wat die gemeente teenoor die dwaalleer en dwaalleraars moet inneem?

## Die verhouding tussen waarheid en dwaalleer

Johannes behandel ook die wyse waarop die dwaalleraars gehanteer moet word. Ontvang hom nie en groet hom nie. Hierdie beoordeling klink vir sommige te kras en te fel. Hoekom

moet ons dan so onvriendelik en ongasvry optree? Die oorspronklike lesers van die brief moet egter nie uit die oog verloor word nie. Johannes rig hierdie briefie aan die "uitverkore vrou en haar kinders." Dit dui op 'n gemeente en die lidmate daarin. Ook as ons die laaste vers lees, sien ons dat die kinders van die uitverkore suster hulle groet. Dit dui weer op 'n ander gemeente, waarvandaan Johannes skrywe. Hierdie gelowiges, wat in huisgemeentes saamgekom het, is, deur dwaalleraars besoek wat dan beroeringe veroorsaak het met hulle optrede en leer. By so 'n gemeentelike byeenkoms mag hulle glad nie 'n ketter toelaat om op te tree nie. Hulle mag hom ook nie as mede-broeder gegroet het nie.

## Heilig ongasvry

Ook in individuele huishoudings mag iemand wat spesiaal besoek kom aflê om die leer van Christus te kom bestry, nie toegelaat word nie. Die heil van die gemeente en die heil van die individuele gelowiges word hier beskerm.

Dit beteken nie dat hier ongasvryheid gepropageer word nie. Die Christen mag in enige nood hulp verleen. Dit is slegs indien 'n buitestaander die onderlinge vrede en verhoudings met God bedreig het, dat Johannes hulle oproep tot 'n heilige ongasvryheid. Indien iemand dit wel doen, het hy deel aan die dwaling en is hy medeverantwoordelik vir die ondergang van die gemeenskap. Dit is duidelik dat Johannes geen godsdienstige kompromieë toelaat nie.

Ons kan vra: maar hoe sal ek as gelowige nou weet watter leer aangaande Christus waar is? Hoe kies 'n mens tussen al die gelowe? Daar is maar net een ware leer - dié wat die apostels geleer het. Hulle was die mense wat saam met Christus op aarde gewandel het en ooggetuies van die waarheid was. Net die leer wat Christus self aan hulle verkondig het, kan die toets van die waarheid deurstaan. Daardie leer wat vir ons in die Bybel opgeteken is, en deur die Kerk van die eeue in die belydenisskrifte saamgevat en bely is, sonder byvoegings, sonder nuwe waarhede. Wie in hierdie leer bly, het sowel die Vader as die Seun. Die Heilige Gees het die volle waarheid van God aan ons in die Skrif toevertrou. Ons moet nie alleen die ware leer daarin glo nie, maar ook vanuit hierdie leer 'n lewe in waarheid voor God lei. Vanuit hierdie waarheid van God moet ons waarlik vir mekaar, as broeders en susters in die geloof, omgee en lief wees. So sal ons sterk wees teen die gevaar van die dwaalleer. So sal ons die geeste op die proef kan stel, en onbevlek die wederkoms van ons Here kan afwag.

Daardie dag sal Hy alle ware gelowiges, wat nie kompromieë met die wêreld gesluit het nie, na Hom toe opneem. Op daardie finale dag sal God finaal die waarheid bo die dwaalleer stel.

**Ds. C.B. Swanepoel**

★★★★★

## GRONDE VIR EGSKEIDING BY CALVYN

Wetgewing wat die ontbinding van 'n huwelik reël, was nie so algemeen as die wette met betrekking tot die sluiting van 'n huwelik nie. By die ontbinding van huwelike wat reeds in die kerk voltrek is, het Calvyn 'n onderskeid gemaak tussen nietigverklarings en egskeidings. Soos in die Roomse kerkwet was daar sekere omstandighede wat genoeg gronde is vir 'n nietigverklaring, wat impliseer dat 'n werklike huwelik nooit plaasgevind het nie vanweë omstandighede wat die huwelik voorafgegaan het. Soos in die Roomse kerkwet het Calvyn, en ander hervormers, baie klem gelê op die seksuele aspek van die huwelik. Gevolglik is dit nie verbasend nie dat seksuele disfunksie kon dien as grond vir 'n nietigverklaring. Deur nietigverklaring toe te laat by huwelike waar seksuele binding nie aanwesig is nie, het Calvyn slegs herhaal wat in die Roomse kerkwet te vind is, naamlik dat 'n huwelik voltrek word deur seksuele binding.

Dit was nie maklik om nietigverklaring te kry op grond van impotensie nie, behalwe wanneer daar verskeie jare saamgewoon is sonder seksuele vereniging. Luther het daarenteen egskeiding toegelaat op grond van impotensie en weiering om huwelikspligte na te kom, aangesien hy geglo het dat die huwelik 'n teenvoeter was vir ontug, en dat mans en vroue hulle nie van mekaar moet onttrek nie, soos wat die apostel Paulus ook voorskryf.

## Skuldige party

Terwyl die Roomse kerkreg 'n voltrekte huweliksbinding as onontbindbaar geag het, het Calvyn en ander hervormers sekere gronde vir egskeiding erken wat, anders as die Roomse skeidings, die geleentheid tot hertroue gebied het. In sy siening oor egskeiding het Calvyn klem gelê op skuld - daar moes 'n skuldige party en onskuldige party wees. Die persoon wat die egskeiding kry, mag in geen opsig bygedra het tot die fout van die ander eggenoot nie. Owerspel was 'n grond vir egskeiding by al die hervormers. Terwyl die Rooms-Katolieke owerspel as een van baie redes vir skeidings erken, het Protestante groter betekenis aan owerspel geheg as gevolg van die klem wat hulle gelê het op die Bybel as die enigste gesag.

## Owerspel

Owerspel is die enigste grond vir egskeiding wat duidelik en onbetwisbaar in die Bybel genoem word (Mat 18:9). Calvyn, soos die Roomse kerkreg, het nie die Romeinse reg gevolg wat stel dat owerspel net 'n oortreding is wat deur vroue gepleeg word nie; hy het gestel dat albei eggenote getrou moes wees. In die praktyk het dit egter gebeur dat Calvyn en die Konsistorie besluite geneem' het wat kan lyk of hulle 'n vrou se ontrou swaarder sonde as 'n man s'n geag het. Twee keer meer mans as vroue het vir egskeiding aansoek gedoen op grond van owerspel, alhoewel dit voorkom asof meer mans as vroue met die tug afgesny is vanweë buite-huwelikse seksualiteit. Wanneer vroue egskeiding verlang het van hulle owerspelige mans het die Konsistorie en Klein Raad hulle vermaan om die swakhede van hulle mans te vergewe. Dit was nie altyd die geval in egskeidingsaansoeke wanneer ontroue vroue betrokke was nie.

## Calvyn se broer

Calvyn se eie broer, Antoine, het 'n egskeiding verkry in 1557 van sy owerspelige vrou, en nie 'n woord is gesê in die hoop dat hy sy vrou sou vergewe nie, wat kort daarna verban is. Die kans dat 'n vrou 'n egskeiding sou verkry was aansienlik skraler as vir mans. In die tyd het omtrent 20 mans egskeidings verkry van hulle owerspelige vroue, terwyl net ses vroue dit op dieselfde gronde gekry het.

## Verlating

In sy kommentare, skryf Calvyn dat owerspel die enigste wettige grond vir egskeiding is, terwyl sy huwelikswette duidelik die moontlikheid erken van egskeiding op grond van verlating, hetsy kwaadwillige verlating of geregverdigde afwesigheid. Hierdie sienings is nie noodwendig onversoenbaar nie. Die rede was dat in die geval van verlating mens na 'n sekere tyd kon aanneem dat die eggenoot dood is. In sulke gevalle het egskeiding eerder die voorkoms van 'n doodsertifikaat van die vermiste eggenoot aangeneem. Hierdie manier van huweliksontbinding was nie heeltemal onbekend voor die Hervorming nie. Calvyn brei dit egter uit om nie net vermiste persone in te sluit nie maar ook kwaadwillige verlating. In sulke gevalle het Calvyn egskeidings toegestaan op die aanname dat owerspel plaasgevind het, veral in gevalle van afwesige vroue.

## Bekendste egskeiding

In die praktyk het Calvyn oortuig gevoel om selfs verder te gaan. Die bekendste egskeiding gedurende sy leeftyd was dié van Galaece Caracciolo, 'n Neapolitaanse edelman en Pous Paulus IV se kleinneef, wat na die Protestantisme bekeer is en in 1551 na Genève gekom het. Sy vrou, wat Rooms-Katoliek gebly het, was baie getrou aan Caracciolo maar het geweier om saam met hom na Genève te gaan. Uiteindelik het die Klein Raad, op grond van die Konsistorie se aanbeveling, aan hom 'n egskeiding toegestaan op grond van verlating alhoewel sy vrou lewend was en 'n onbesproke reputasie gehad het. Van 'n vrou is binne perke verwag om haar man te volg, waar hy ook al gaan. Weiering om dit te doen het gegeld as verlating van haar kant. Nieteenstaande hierdie geval het meer vroue egskeiding verkry op grond van verlating en afwesigheid omdat mans meer gereis het as vroue.

## Ongeldige redes

Dit is belangrik om 'n paar redes te noem wat nie as geldige gronde vir egskeiding gegeld het nie. Calvyn het nie uiteenlopende geaardhede en selfs wreedheid as geldige gronde gesien nie. Daar was gevalle waar vroue hulle mans verlaat het slegs om te ontkom aan hulle mans se wrede optrede. Calvyn het geglo dat die instelling van egskeiding enige skeiding sou beëindig wat die Roomse kerkreg wel toegelaat het. En gevolglik het die huwelikswette van 1561 nie voorsiening gemaak vir skeidings nie. Tydens Calvyn se leeftyd het Konsistorie en Klein Raad wel een wettige skeiding toegestaan, waarby 'n vrou gely het onder die man se mishandeling wat haar lewe bedreig het.

Dit het egter verskil van die Roomse skeidings in die sin dat hierdie geval nie permanent bedoel was nie, maar slegs totdat die man geleer het om homself te beheer. Die man se optrede moes besonder erg gewees het, want die Konsistorie het in 'n ander geval 'n vrou beveel om vredeliewend saam met haar man te woon selfs nadat hy haar so geslaan het dat sy haar oog verloor het. Afgesien van hierdie enkele geval, waar vroue geen ander klag behalwe ontrouheid en impotensie gehad het nie, was hulle gestrand met geen geldige basis vir egskeiding nie, en is beveel om na hulle mans terug te gaan. Dat wreedheid nie gedien het as grond vir egskeiding nie, is geensins verbasend nie, aangesien die hervormers, met die uitsondering van Martin Bucer, hierdie saak in hulle leerstellings oor egskeiding agterweë gelaat het. Meer nog, protestantse hervormers het dit die taak van die vrou geag om hulle mans te gehoorsaam en lyfstraf te duld as dit matig gebruik is. Calvyn het so ver gegaan om te sê dat selfs as 'n Protestantse vrou wreed geslaan word deur haar Katolieke man, sy hom nie moes verlaat tensy sy oortuig was haar lewe is in gevaar nie.

Roderick Phillips (in sy boek "Putting Asunder") sê: "Onenigheid en geweld binne die huwelik is

betreurenswaardig gevind, en pogings is aangewend om dit reg te stel, maar die voorkoms daarvan het nie die essensie van die huwelikstaat beïnvloed soos wat die hervormers dit verstaan het nie. Die voorkoms van owerspel, en minder ondubbelsinnig, verlating, het die huwelik betekenisvol beïnvloed. Vandaar dat dit by die hervormers geneem is as grond vir egskeiding." Gevolglik, terwyl Protestante regdeur Europa egskeidings toegelaat het op grond van owerspel en verlating, het dit selde gebeur in die geval van wreedheid.

## Zwingli en Bucer

Zwingli het verder gegaan as Calvyn of Luther, en volgehou dat die gedeelte in Mattheus (18:9) net die minste ernstige oortreding is waarop 'n huwelik ontbind kan word. Op ander plekke in die Skrif is daar ander oortredings wat erger is as owerspel, en dit moet ook gereken word as gronde vir 'n egskeiding. Dit is byvoorbeeld 'n groter sonde om 'n ongelowige te wees as 'n owerspelige, het Zwingli geredeneer. Daarom moet iemand wat getroud is met 'n ongelowige, die geleentheid gebied word om sy huwelik te ontbind. Waar Zwingli van mening was dat enigiets wat erger is as owerspel 'n egskeiding regverdig, het die mees radikale siening met betrekking tot egskeiding gekom van Martin Bucer in sy boek De Regno Christi (Oor die regering van Christus), in 1557.

Bucer het libertynse sienings uitgespreek met betrekking tot egskeiding, en daarmee wette vooruitgeloop wat eers in die twintigste eeu gebruik sou word. Bucer het daarop aangedring dat die doel van die huwelik nie voortplanting is nie, en ook nie om buite-egtelike seksuele verhoudings te voorkom nie, maar dat kameraadskap die mees fundamentele element van 'n christelike huwelik is. Dit sluit getrouheid, wedersydse liefde en saamwoon in. Gevolglik het Bucer nie net owerspel en verlating as grond vir egskeiding erken nie, maar ook wreedheid en selfs wedersydse inwilliging en verstoting van een van die partye.

Volgens Bucer was ander gronde vir egskeiding: heksery, grafskending, iemand wat heiligskennis pleeg, wat diewe bevoordeel, vroue wat gereeld feeste hou saam met vreemdelinge sonder hul mans se medewete en toestemming, die man wat gereeld in die geselskap van wellustige vroue is, en geweld. Al hierdie oortredings was ernstig genoeg om die doodstraf te regverdig, en daar was geen nodigheid vir 'n eggenoot om getroud te bly met iemand wat sulke verderflike dinge doen nie. Alhoewel Bucer se siening baie interessant is vir die moderne leser, was hy sy tyd ver vooruit.

In die geheel gesien was Calvyn se huwelikswette in lyn met die sienings van ander groot hervormers. Mens kan wonder oor die invloed van Luther, Zwingli en andere op sy siening. Dit is moontlik dat Calvyn Bucer se werke oor die huwelik gelees het. Die huwelikswette van Straatsburg het ongetwyfeld 'n invloed gehad op Calvyn, aangesien dit baie met dié van Genève ooreenkom. Zwingli het in 1525 die huwelikswette van Zürich gemaak en dit het as model gedien vir verskeie ander Switserse stede soos Bern. Deur sy kontak met Viret en Farrel was Calvyn ongetwyfeld op hoogte van die egskeidingswette in Bern.

## Oorspronklike bydraes

Nieteenstaande bogenoemde het Calvyn tog 'n paar oorspronklike bydraes gelewer, soos by die nietigverklaring van verlowings wat ligtelik gemaak is, of voorwaardelik of waar iemand aan 'n aansteeklike siekte ly. Alhoewel Genève se huwelikswette nie wesenlik verskil het van vorige protestantse sienswyses nie, was dit nogtans Calvyn, saam met Luther, wat die invloedrykste leerstellings van die sestiende eeu hieroor geskryf het. Op grond van dié werk is baie wetgewing daargestel (tot met die herroeping van die Edik van Nantes in 1685), regdeur Europa, meestal in Protestantse state, maar ook onder gereformeerdes in Rooms-Katolieke lande, soos byvoorbeeld Frankryk.

Regdeur Europa het Protestante die leiding van Calvyn en Luther gevolg deur egskeidings toe te laat, op grond van owerspel en kwaadwillige verlating, en deur verhinderings om te trou te verminder en ouerlike toestemming as 'n voorwaarde te stel, asook die teenwoordigheid van getuies en die afkondiging van die huweliksgebooie. Hierin is baie ver weg beweeg van die Roomse kerkreg.

**J.R. Watt**
('n Vertaling van sy artikel "The marriage Laws Calvin Drafted for Geneva" in "Calvinus Sacrae Scripturae Professor" - red: Neuser, 1994: 245-255, uitgesonder voetnote)

* * * * *

## PROPAGANDA AS DUIWELSE STRATEGIE EN 'N BYBELSE STRATEGIE DAARTEEN

Uit die staanspoor moet aanvaar word dat propaganda, waar die leuen betrokke is, sleg is en verwerp moet word. Een aspek verg egter besondere aandag naamlik die verbintenis tussen die leuen en die werk van die Satan en sy demone in hierdie wêreld. Die verskillende verhoudinge tussen kerk en propaganda dui daarop dat die aanslag teen die kerk nie altyd

tromp-op van buite kom nie. Die aanslag kom op subtiele wyse juis ook van binne die kerk, terwyl die kerk nie minder skuldig is wanneer dit toelaat dat dit misbruik word vir propagandadoeleindes nie. Uiteindelik blyk dit dat juis hierdie misbruik van die kerk vir propagandadoeleindes die ondergang van die kerk ten doel het. Immers, die leuen tas die Evangelie (en so die kerk) in sy wese aan, en is 'n direkte oortreding van die negende gebod ("Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie").

## Kern van propaganda

Teenoor die waarheid as suiwere voorstelling van 'n saak, gee die leuen 'n valse voorstelling van 'n saak. Valse getuienis, op watter wyse ook al, vorm die kern van propaganda. Daarsonder kan propaganda nie funksioneer nie. Volgens die Heidelbergse Kategismus (Sondag 43) behels die negende gebod nie alleen die aflê van valse getuienis nie, maar ook die verdraaiing van iemand se woorde, kwaadstokery en laster, onverhoorde veroordeling en alle vorms van bedrog. Aan hierdie beskrywing voldoen propaganda geheel en al. Wat die leuen besonder maak, is dat dit die res van die Wet in gedrang bring, en meer nog, dat oortreding van geen gebod daarsonder kan geskied nie. Om die kerk (of die gelowige) te kan lei om die Wet te oortree (om in die hande van Satan te speel), is die gebruik van die leuen 'n onbetwiste voorwaarde.

## Vader van die leuen

God se Woord is waar omdat God dit spreek. God is 'n God van Waarheid (Titus 1:2, Joh 14:6, Joh 16:36). Hierteenoor stel die Heilige Skrif die Satan as die vader van die leuen voor (Joh 8:44). Hulle wat deur die leuen lewe, en die Waarheid nie wil aanvaar nie, het die duiwel as hulle vader. Die leuen is die wapen van die Satan waarmee hy die kerk en die koninkryk van God bestry. Die leuen word egter nooit aangebied as "leuen" nie, maar word in verskillende gedaantes as waarheid opgedis. Elke propagandategniek wat behandel is, is 'n getuienis van die diverse aard van die leuen. In die Skrif kom hierdie tegnieke van die Satan telkens aan die orde. Elke leuen is 'n poging van opstand teen en ontkenning van God. Daarom is die leuen primêr teen God en sy geliefdes gerig (Num 23:17, Spr 6:16-19, Jes 28:15,17; Es 13:8).

Die leuen wissel van prontuit lieg tot die misbruik van die Heilige Skrif (wat juis die gevaar vir die kerk soveel groter maak). Hulle wat "sleg goed noem en goed sleg, wat die lig duisternis maak en die duisternis lig, wat bitter soet maak en soet bitter" (Jes 5:20) is prontuit besig om te lieg. Dit is inderdaad ook 'n gebruik van die Satan. In die paradys het die Satan al met hierdie taktiek gekom toe hy gesê het: "Julle sal beslis nie sterf nie ..." (Gen 3:4-5). Sy propagandaveldtog teen God het oënskynlik dan ook met welslae begin. Na die sondeval het die mens al gretiger na die leuen geluister, en dit self gebruik om mag te verkry en te behou.

## Daar staan ook geskrywe ...

Dit is dikwels egter nie 'n groot sprong om sleg goed en goed sleg te noem nie. Veral met semantiese (taal-) "speletjies" blyk dit deesdae al makliker om wat eens die waarheid was, nou die rug op te keer (vgl. die kwessie van homoseksualisme in Nederland, wat reeds in sommige kringe as iets "goeds" beskou word.)

Die Satan kan ook die leuen gebruik deur met die Skrif te kom - maar dan nie die volle waarheid daarvan nie. Wat gesê behoort te word, word verswyg. Die selektiwiteitsbeginsel en -tegniek is so deur die Satan op Christus self toegepas, toe hy Christus versoek het om van die tempeldak af te spring (Mat 4:5-7). In sy motivering het die Satan oënskynlik die waarheid gepraat - uit die Skrif uit. Maar hy het nie die volle waarheid voorgehou nie, en daarom kon Christus hom antwoord: "Daar staan ook geskrywe ..."

Die doel van Satan, die vader van die leuen, bly altyd dieselfde: om God te onttroon, om sy wil te verydel - al is dit ook deur misbruik van die Skrif. Die kerk ken hierdie wyse van oorlogvoering vanaf die vroegste eeue - vanaf die eerste ketter. Dwaalleer is in die kern van die stryd teen die kerk, en dikwels is dit juis effektief omdat dit binne die kerk onder vaandel van die Evangelie verkondig word. Dit is die Satan se "swart propaganda". Van vroeg af is teen valse getuienis en Skrifmisbruik konsilie op konsilie en sinode op sinode gehou (soos o.a. Nicea, 325 N.C.).

Misleiding is die professie van die duiwel, dit is sy aard en sy werk - en daarom kom hy ook as engel van die lig (2 Kor 11:14). As valse profeet (Op 13:11-18) kom hy en sy medewerkers vermom, selfs in 'n skyn van heil na die gemeentes (Mat 7:15, Kol 2:18). Die Satan laat geen tegniek na om die Koninkryk van God te ondermyn of te probeer beveg nie. Voor die wederkoms van die Here bly die kerk die hoofteiken van sy aanvalle - omdat in die kerk die Koninkryk van God tot sigbare vergestalting kom. Daarom moet die kerk verantwoordelik 'n Bybelse teenstrategie teen die Satan se aanvalle (van binne en buite) hê.

## Strategie deur God gegee

'n Strategie teen propaganda moet ter wille van volledigheid met al drie die verhoudings tussen kerk en propaganda rekening hou. Hierdie drie verhoudinge is:

* die kerk as gebruiker van propaganda
* die kerk as slagoffer van propaganda
* die kerk as instrument van propaganda.

Dikwels gaan die verhoudinge hand aan hand. So byvoorbeeld gebruik die kommuniste die kerk (d.w.s. as instrument) teen homself (as slagoffer of teiken).

Daar is bruikbare wenke vir optrede teen propaganda. Die standpunt van iemand soos Lee (in sy boek "How to understand propaganda") is egter geheel waardeloos, omdat hy self die slagoffer geword het van sy eie propaganda en dié van die Amerikanisme. Sy relatiwistiese vertrekpunt is veelseggend: "Ons moet eerstens sekerheid afgee ... In 'n wêreld waar alles relatief tot alle ander dinge is en waar alles aanmekaar verander, is daar geen sekerheid, geen geldige absolute of dogma nie." Die houding laat hom met slegs die tipiese Amerikaanse niksseggendheid, en hy moet terugval op leë slagspreuke: "Ons kan weier om stormgeloop te word deur enigiemand vir enige saak ... Ons kan die ou gees handhaaf en propageer van Amerika se jeugdigheid en volwassenheid. Ons kan op ons eie voete staan met ons eie denke en ander help om dieselfde te doen." Hierdie tipe kwasi-moralistiese voorstelle sonder enige gronde moet vermy word.

Alleen dit wat diensbaar is aan die Evangelie, en wat Bybels verantwoordbaar is, mag geld as gronde vir anti-propagandistiese optrede. Die Here stel self in die Skrif die manier waarop die suiwer leer (die Waarheid) bewaar moet word.

## Enkele voorstelle vir 'n teen-strategie

### ⋆ Kennis

Kennis van die gesonde leer is noodsaaklik. Timoteus kry die opdrag om te bly in wat hy geleer het. Hy ken van kleins af die Skrifte, en die Skrif kan wys maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif wat deur God ingegee is, is onder andere nuttig tot weerlegging (2 Tim 3:14-17). Dit is ook 'n opdrag aan elkeen in die kerk om vas te staan in die gesonde leer, die leer wat in die Woord van God ons meegedeel word. Hierdie opdrag lê 'n besondere verantwoordelikheid op die prediker, die kategeet en elkeen wat leer (Ef 4:11 en vgl. die bevestigingsformulier vir die bedienaars van die Woord). Veral in die kategese word op onverantwoordelike wyse dikwels die kinders aan onbekwame leermeesters toevertrou. Kennis van die waarheid kom ook deur meer as net prediking - daarom is Bybelstudie noodsaaklik.

### ⋆ Onderskeiding

1 Joh 4:1 waarsku: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan". Naïewe navolging van enigiets wat van die preekstoel af (en veral in die naam van die kerk) gesê word, is onverantwoordelik. Nog meer onverantwoordelik is dit om enige wêreldse idee ongetoets te aanvaar. Vir die effektiewe bewaring van die suiwer leer is dit nodig om dwaalleer te herken. Daarom behoort elke gelowige, en in die besonder die ouderlinge, voortdurend toegerus te word met kennis van die mees relevante en prominentste dwaalstrominge van 'n betrokke tyd. Met kennis van die Woord, en met kennis van dié dwaalleer, kan propaganda vinnig bemerk word. Kennis van propaganda-tegnieke, wat in wese leuen-tegnieke is, kan bydra tot noodsaaklike onderskeiding. So kan byvoorbeeld gelet word op 'n gereelde en eensydige herhaling van sekere temas (bv. skuld vir "sosiale ongeregtigheid" of "liefde vir die armes").

### ⋆ Toesig

Ouderlinge kry opdrag om gereeld toesig te hou oor die suiwer verkondiging van die Woord (vgl. die bevestigingsformulier). Dit geld egter ook vir elke gelowige. So gou as wat propaganda bespeur word, behoort dit volgens die ordelike weg van tug eers onder die aandag van die oortreder, en indien hy volhard, verder onder die aandag van die belanghebbendes (ouderlinge, kerkraad ens.) gebring te word. Ook by universiteite en teologiese skole, waar dwaalleer maklik ontstaan, moet goeie toesig gehou word. Daarom word Timoteus gevra om wat hy gehoor het, "toe te vertrou aan getroue manne wat bekwaam is om ander te leer" (2 Tim 2:2).

### ⋆ Vermyding

Nie alleen word van die gelowige gevra om te waak nie. God verwag ook van hom om "onheilige onsinnige praatjies" te vermy (2 Tim 6:20). So moet enige propaganda, pogings tot dwaalleer, sover moontlik vermy word. Wurmbrand (1968) stel dat die gelowiges in kommunistiese Rusland die propaganda vermy deur nie na daardie tipe films te kyk, musiek te luister en boeke te lees wat propaganda voer nie. Propaganda kom egter nie net van kommuniste nie, en daarom moet selfs die onskuldigste lied of film ondersoek word om te kyk of dit nie godslasterlikhede of 'n ander evangelie verkondig nie. Veral goeie kontrole behoort in elke gelowige se huis oor die gebruik van die televisie gehou te word.

In Amerika en Europa kan 'n kind van tien jaar wat gereeld televisie kyk, elke jaar ongeveer 9 000 sekstonele te sien kry - waarvan by die tagtig persent buite-egtelike verkeer is. Ook in Suid-Afrika word die persentasie sekstonele op televisie by die jaar groter. Op enige persoon sal so 'n hoë frekwensie indrukke 'n invloed uitoefen, hoe gering ook al.

Die gelowige se strategie teen propaganda-invloede is inderdaad eenvoudig - maar dit is net so maklik as wat dit eenvoudig is. Daarom moet ons voortdurend by God pleit dat Hy ons van die Bose sal bewaar, en ons weglei van enige versoeking af. Uiteindelik is daar vir diegene wat die suiwer leer bewaar, 'n groot troos in Open 3:10 (berymd): "Omdat jy die Woord bewaar het ... is Ek jou ook 'n Bewaarder in die uur van sware stryd".

### ★ Verspreiding van die waarheid

In die finale instansie sal 'n goeie teen-strategie nie alleen kennis, verdediging en bewaking van die waarheid behels nie, maar ook effektiewe ontmaskering en vervanging van die leuen deur die waarheid. Dit geskied hoofsaaklik deur die verkondiging (in die goeie sin van die woord - propagering) van die Waarheid. Met meer as net toerusting van gelowiges in gedagte, gaan dit hier om die openbare getuienis van die waarheid. Dit is die aard van die evangelie om teenoor die valse en slegte boodskap, die ware en goeie boodskap te wees. Dit is die Lig wat die duisternis verdring (Ps 119:105).

### Ds. H.W. van der Walt (Uit Th.B skripsie)

★★★★★

## IS DIE SELGEMEENTE DIE KERKVORM VAN DIE 21ste EEU?

### Deel 2

### Die selgemeente as reaksie-verskynsel

Die selgemeente-gedagte is 'n duidelike reaksie op 'n kerk wat veelsins staties geword het, en waar die hartklop van waaragtig geestelike lewe en geloofsgemeenskap nie gevoel word nie. So 'n reaksie hoef ons nie te verbaas nie. Prof. van 't Spijker (1996:83) het daar onlangs op gewys dat deur die loop van die kerkgeskiedenis waar met die kerkproblematiek geworstel word, telkens weer teruggegryp is na nuwe of ou vorme van kerkwees. Sommige wil terug ng die Nadere Reformasie. Ander beskou die Puritanisme as 'n modelfunksie vir die kerk. Weer ander bepleit 'n terugkeer na die Reformasie, terwyl daar ook diegene is wat glo dat die intieme huisgemeente die antwoord is op ons kerklike probleme.

Die selgemeeente-model is 'n duidelike reaksie op 'n kerklike lewe waarin geloofsgemeenskap nie beoefen word nie. Daarom moet die kerk kleiner word. Eers wanneer hy as 'm kleiner kerk funksioneer, kan en sal hy groter word (Potgieter. 1995:49).

Nou is dit stellig waar dat gemeenskapsbeoefening in groter verband baie moeilik is. Jy ken nie eens alle lidmate wat saam met jou aan die nagmaalstafel sit nie.

Om dus 'n kleiner gemeenskapsverband in die gemeente te soek om werklik op die vlak van die daaglikse lewe geloofsgemeenskap te beoefen, is nie verkeerd nie. Die vraag is wel of die selgemeente die antwoord is.

### Daar is heelwat om te waardeer

Om soos die selgemeente beoog, die christelike huisgesin vir die opbou van 'n geloofsgemeenskap as uitgangspunt te neem, is iets wat met dankbaarheid en waardering vasgestel kan word. Die gesin is inderdaad die bousteen vir die kerk van Christus. Voorstanders van die selgemeente-gedagte wil mense bewus maak van hul onderlinge verbondenheid met Christus. Ook wil die selgemeente uitwaarts beweeg en so die sending- en evangelisasieroeping van die kerk ernstig opneem.

In die selgemeente word 'n hoë premie geplaas op geestelike groei en geloofsvolwassenheid. Dan wil die selgemeente die probleem van verstedeliking en daarmee gepaard gaande vereensaming van die moderne mens aanspreek. Dit alles is lofwaardig.

### Is die selgemeentemodel 'n Bybelse kerkmodel?

Die groot vraag is egter of die selgemeente-model die beeld vertoon van die kerkmodel wat die Bybel ons bied. Dit is nogal opvallend dat die ontwerpers van die selgementemodel self erken dat hierdie model nie in die Bybel te vinde is nie. "n Praktiese bedieningsmodel soos hierdie kan nie uit die Bybel gehaal word nie, maar wel wil die selgemeente-model die Bybelse beginsel in die moderne lewe gestalte gee' (Potgieter,1995:21).

### Besware

1. Die grootste beswaar teen die selgemeente-model is dat daarmee die tradisionele kerk afgeskryf word. Mense wat nog daaraan vasklou het volgens Potgieter (1955:207) 'n dualistiese wêreldbeeld en gaan uit van 'n metafisiese godsbegrip.

2. Die selgemeente wil 'n kerk wees van wedergeborenes. Die kerk word nie as 'n verbondsgemeente gesien nie, maar as 'n gemeente van geheiligdes. Dit was ook die strewe van die Donatiste in die 2e eeu na Christus en by die wederdopers in die 16e eeu vind ons dieselfde gedagte. Die persoonlike ervaring - hoe belangrik ook al - word so sterk beklemtoon dat daar in die selgemeente

'n sterk neiging tot subjektivisme bestaan. Daar word sterk aanspraak gemaak op die leiding van die Heilige Gees, maar mens kry die indruk dat dit in baie gevalle buite die Woord om gaan. Dit is dan ook nie verbasend dat daar kritiek kom op die kinderdoop nie. Daar is al gevalle bekend dat gelowiges mekaar in 'n selgemeente opnuut gedoop het.

3. Die ampte word vervang deur leiers wat langs ampte in die bestaande kerk funksioneer. Die ampsdraers in die gevestigde kerk word soms ietwat uit die hoogte as amptenare beskou.

4. Een van die grootste probleme is die seldeling. Dit klink pragtig: uitbreiding deur seldeling soos by die menslike liggaam. Maar hoe werk dit in die praktyk? Sal mense bereid wees om uit die reeds opgeboude en aangename atmosfeer van die bestaande sel uit te tree en telkens weer met 'n nuwe sel te begin? Seldeling lyk na afstigting soos ons dit ken. Maar afstigting wat in Gereformeerde kerke bekend is, is nie dieselfde as seldeling nie.

5. Die selgemeente dra die kiem van kerkskeuring in haar boesem. Op die ou end is daar twee kerke: die bestaande, tradisionele kerk en die nuwe verband van selgemeentes. Soos in die tyd van Augustinus toe die kerk van die Donatiste teenoor die katolieke gestaan het, so vorm die verband van selgemeentes langsamerhand ook 'n teenkerk. Dit lei nie alleen tot kerkverandering nie maar tot kerkskeuring.

6. Die gedagte dat die selgemeente die kerkvorm van die 21ste eeu moet wees, is sterk sosiologies bepaal. Die moderne samelewing roep om hierdie model (Potgieter..1995:206-220). Ons leef in 'n tyd van 'n veranderde wêreldbeeld. 'n Ander wêreldbeeld vra om 'n ander kerkmodel. Wat van die gelowiges wat in vorige eeue met 'n pre-Kopernikaanse wêreldbeeld geleef het?

## Ons antwoord op die selgemeente-model

Wat moet ons antwoord wees op die selgemeente-idee? Ons is oortuig dat die selgemeente nie die kerkvorm van die 21ste eeu kan wees nie. Tog is daar wel verskillende dinge wat ons van hulle wat die selgemeente as die oplossing van die kerkprobleem sien, kan leer.

+ In die eerste plek is daar die beklemtoning van die gesin as die bousteen vir die kerk. Die gesin in sy totaliteit, ouers en kinders, moet meer betrek word by die gemeente. Dit kan op verskillende maniere gedoen word. Bybelstudie in gesinsverband, waar moontlik saam met ander gesinne uit die gemeente, is van die allergrootste belang en tot groot seën vir elkeen wat daaraan deelneem.

++ Die nadruk wat in die selgemeente op sing gelê word, is ook iets waaraan ons gerus aandag kan gee. Ons sing alleen nog in die kerk, onder die erediens. Van sing in gesinsverband of saam tuis met medegelowiges kom nie veel tereg nie.

+++ Die gebed behoort ook veel meer aandag te kry. Dit hoef nie noodwendig onder leiding van 'n gebedsleier gedoen te word nie. Die huisvader, die wyksouderling, die predikant kan hier goeie leiding gee. Gebedsopvoeding is wel belangrik.

++++ Daar moet ernstig gewaarsku word teen die gevaar dat ons die leiding van die Heilige Gees soek sonder om die Woord te raadpleeg. Hoe vinnig vind dan nie ontsporing plaas nie en versand ons in subjektivisme.

+++++ Ons moet met die oog van die nuwe eeu wat voorlê ernstig soek na geleenthede om te kom tot 'n ware, intensiewe geloofs- en gemeenskapsbelewing. In groot gemeentes kan ons mekaar nie almal ken nie. Daarom sal die wykgedagte sterker moet gaan funksioneer. Om bepaalde groepe in die gemeente soos 50-plussers of senior burgers byeen te bring skep wonderlike geleenthede tot gemeenskapsbeoefening. Daarby moet ons veral nie die Bybelstudiegroepe vergeet nie. In verskillende gemeentes - so is my ondervinding - is die Bybelkstudiekringe waardevolle instrumente tot gemeenskapsbeoefening. Dit het my opgeval dat juis hulle wat intensief aan Bybelstudie deelneem, trou die twee Sondagse eredienste bywoon en dikwels getuig dat hulle nou veel meer uit die prediking put as voorheen. Die onderlinge band wat in die Bybekstudiekring gesmee word, reflekteer ook in die gemeente as 'n geheel.

## Literatuur


Anderson, Ph.A., Church Meetings that Matter. Philadelphia 1965.
Hendriks, H. J., Bediening in en deur die gemeente. 'n Prakties-teologiese basisteorie (in: Müller, J,C. (Red.). Praktiese Teologie in Suid-Afrika 5 (1) 19-42).
Mead L., The once and future church. s.j.
Potgieter, M. 'n Nuwe Bybelse Lewenswyse. Die Selgemeente, George 1995.
Tidball, D., An Introduction to the Sociology of the New Testament. Exeter 1983.
W. van 't Spijker, Marginaal? (in: De Wekker (Red. W. van 't Spijker), Jaarg. 106 nr. 6 Vrydag 6 Desember 1996, p.83).


★ ★ ★ ★ ★

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ........................................

Adres:........................................

........................................

........................................

Poskode:....................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:........................................

Datum:.................... Handtekening:....................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS